

*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**

maart 2019



*"Skel ... skeller ... skelstel!"*

Lensopening: f3.5; Sluiterspoed: 1/160 sekonde; Fokale lengte: 18 mm

Toe ek die voorbladtoneel onlangs raaksien, het ek dadelik die foto-moontlikhede besef – en twee dæ later, ongeveer op dieselfde tyd van die dag, het ek my foto's gaan neem. Lees verder meer oor hierdie foto en ook oor argitektuurfotografie in die algemeen.

As jy op reis gaan, hou jou kamera altyd byderhand; as't ware "oorgehaal" ... jy wil immers tog foto's skiet! Onthou ook dat as jy op reis gaan om vooraf te beplan wat jy wil afneem. Natuurlik weet ons almal dis dikwels nie veilig om langs 'n pad stil te hou om foto's te neem nie, en dikwels is daar ook nie stilhougeleenthede nie, maar wees nogtans voorbereid. Ons gee verder idees vir padfoto's; veral ook met die komende vakansie in gedagte.

Geniet hierdie uitgawe van *Fotografie-nuus*. Hopelik is daar iets in wat jou tot hoër hoogtes sal neem.

Johan

Soos genoem was die voorbladtoneel net daar, *gevind*. In Engels word die term *found* juis hiervoor gebruik, bedoelende dat jy, die fotograaf, weinig aan die toneel gedoen het. Dit was net daar.

'n Paar algemene opmerkings oor hierdie foto en die neem daarvan, is van pas.

- Die gebou front noord en word dus helder verlig deur die oggendson (ongeveer 8:30). Let op na die lang skaduwees.
- Die gebou is helder gevef om kliënte te trek. Vandaar ons titel "*Skel ... skeller ... skelste*". 'n Tweede fotoreeks, gedurende die middag en in die skaduwee geneem, het nie skaduwees gehad nie. Dit is dus "skoner", maar met baie minder trefkrag.
- Weens die kwessie van perspektiwiteit is nie alles wat werklik ewewydig aan mekaar is, ewewydig nie. Ook is die voorgrondterrein effens skuins. Dit alles bemoeilik oplyning. In so 'n geval moet besluit word watter lyne is die belangrikste, en oplyning moet daarvolgens gedoen word.
- Rondom die gefotografeerde toneel is heelwat "rommel" (karre, pype, drade, ens). Daar moes dus aan die toneel gesny word. In so 'n geval is dit belangrik om die foto heelwat wyer te neem en dan die finale toneel uit te knip.
- Hierdie sake word genoem sodat jy bewus moet wees van die feit dat argitektuurfotografie (of straatgebou-fotografie) ook sy probleme het. En vra maar toestemming indien nodig. Met dank aan *Autoboys Glass Fitment Service, Potchefstroom*.



Aangesien geboue nie geskuif kan word nie, lê die kuns van argitektuurfotografie dikwels daarin dat die fotograaf self moet rondbeweeg om 'n posisie te kry vanwaar die struktuur en voorkoms van 'n gebou op 'n besondere wyse uitgebeeld kan word. Deur die posisie en hoek te varieer en deur verder te let op die lig, kan 'n groot verskeidenheid fotomoontlikhede verken word.

Voordat jy jou kamera optel vir 'n argitektuurfotosessie, is dit belangrik om eers inligting te verkry in verband met die gebou of struktuur wat jy wil fotografeer. Inligting kan op baie maniere verkry word, maar niks kom by die inligting wat 'n vaardige en kundige plaaslike vriend of gids bied nie.

Soos by elke ander vorm van fotografie is daar by argitektuurfotografie ook sprake van rekordfoto's aan die een kant en kreatiewe, abstrakte en selfs kunsfoto's aan die ander kant. Kom dus weg van jou kamera se outomatiese instellings.

As jy raadop is met idees in 'n vreemde omgewing, kan jy begin om te soek na kombinasies van geskiedkundige geboue. Jy kan daarvan 'n foto-collage maak of, as jy gelukkig is, dit kombineer in 'n enkele foto. Die foto van 'n Luderitz-dorptoneel hierby wys die idee. Dit toon drie bekende en geskiedkundige argitektoniese bakens in dié Namibiese dorp, naamlik die *Görke Haus* bo links, die *Felsen Kirche* bo regs en die *Kapps Konzert und Ball Saal* onder links.

## ALGEMENE WENKE VIR ARGITEKTUURFOTOGRAFIE



# Riglyne

## vir argitektuurfotografie



Guggenheim-museum, Bilbao, Spanje (Wikipedia)

Ons gee die volgende spesifieke riglyne vir argitektuurfotografie:

- **Tipe lens:** 'n Wyehoëklens, byvoorbeeld die standaard 18-55 mm lens of selfs 'n visooglens. Pasop vir distorsies. Probeer om in 'n hoër posisie te kom of om verder terug te staan en dan in te zoem. In dié opsig is die Guggenheim-museum in Bilbao, Spanje, met sy krom lyne, 'n uitsondering.
- **Portret-/Landskapformaat:** Die formaat van die foto's wat jy neem, sal grootliks bepaal word deur die toneel voor jou.
- **Driepoot:** Soos altyd is dit beslis nodig vir skerp foto's.
- **ISO:** Om maksimum skerpte te verkry, is dit belangrik om 'n ISO van 'n lae waarde te gebruik.
- **Witbalans:** Bedags, met natuurlike lig soos skadu, bewolk of helder sonskyn, is die keuse maklik. Saans, met kunsmatige beligting, is dit moeiliker. Eksperimenteer self.
- **Keuse van fokuspunt:** Dit kan goed wees om 'n verskeidenheid fokuspunte te beproef.
- **Lensopening:** Omdat alles in die foto skerp moet wees, is 'n klein lensopening belangrik.
- **Sluiterspoed:** Gebruik die liniaalfunksie. Pasop vir oorbeligte foto's. Neem dus veiligheidshalwe 'n paar verskillende foto's.
- **Fyn fokussering:** Weens straat-omstandighede mag dit dalk moeilik wees om fyn fokussering te doen. Probeer wel jou bes.

Kontak gerus vir Colourcode Designs vir enige ontwerpe

« besigheidskartjies « logos « uitnodigings (elektronies / gedruk)  
« spyskaarte « verpakking « briefhoofde « boekuitleg « nuusbriewe

Fransa  
076 391 7578  
fransa@colourcode.co.za

colourcode

Sterkte. Moenie volstaan met net een of twee foto's van 'n toneel nie!

Towerlantern Fotografie  
- maart 2019 -

# TOWERLANTERN-UITSTALLING:

September 2019

Dit is ses maande voor ons foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum. Vir so ver ons kan sê is dit nou definitief.

Neem dus kennis van die volgende:

- Jy word uitgenooi om aan dié uitstalling deel te neem.
- Die duur van die uitstalling is van 3 tot 30 September 2019 (gedurende Aardklop).
- Die deelname-onkoste per persoon sal ongeveer R100 wees.
- Begin beplan – finansieel en fotografies. Begin dink in terme van eie foto-onderwerpe en -ontwerpe.
- Spesifieke vereistes vir kunswerke sal later verskaf word.
- Laat weet solank as jy sou belangstel – jy verbind jou nog geensins nie.

## Wat is op jou *bucket list*?

Ons het almal idees en drome en vooruitsigte – 'n nuwe lens, 'n kamera of driepoot. Ons het ook almal daardie foto wat ons nog wil neem in gedagte. Peter McKinnon vertel in hierdie video hoe hy sy "Bucket shot" afgeneem het. Die video is bietjie lank (ongeveer 23 minute), maar dit is die moeite werd om te kyk.

Vertel ons gerus wat jy nog wil gaan afneem...

<https://youtu.be/r25IWquxe9s>.

*Towerlantern Fotografie*  
- maart 2019 -

## Mensmodelle – hoe soek jy?

Dit mag moeilik wees om 'n geskikte mensmodel te identifiseer, maar moenie te gou moed verloor nie. Dis deel van die fotografiese proses. Werk jou eie styl en werkwyse self uit.

Vir 'n nie-fotografiese oefening, doen die volgende: Gaan sit op 'n bankie in 'n mall, kyk die verbygangers deur en soek jou modelle. Jy sal verbaas wees hoe min talent jy sal sien!

Op 'n vraag aan die beroepsfotograaf Anthony Boccaccio oor hoe hy sy modelle kies vir sy besondere fotogenre, was sy insiggewende antwoord:

"By feeling and instinct. If I can watch a man walk 10 steps, and hear 20 words come from him, I generally have a good idea if he would be a good subject. And his eyes. I look closely at his eyes; they tell you a lot about the soul. And that's the point of a great image: you have to photograph what can't be seen."



Lees meer oor en kyk na Boccaccio se werk by [www.boccacciophoto.com](http://www.boccacciophoto.com).



# REIS *fotografie*

Reisfotografie en argitektuurfotografie gaan nou saam. Soos aan die begin van hierdie uitgawe van Fotografienuus genoem is, behoort jy altyd as jy op reis gaan, jou kamera byderhand te hê.

Onthou ook dat as jy op reis gaan om vooraf te beplan wat jy wil afneem. Hier is twee maklike idees vir padfoto's: hou dit in gedagte, veral ook met die komende vakansie in gedagte.

- **Wolkfoto's:** As jy op reis is, kan jy nie help om wolke te sien nie. As jy kan, hou stil, en neem foto's met jou kamera, andersins met 'n selfoon. Ons het onlangs deur die Karoo gery. Ons het vir 'n uur of langer wolke gesien wat soos klein lensvormige vlieënde pierings gelyk het. En toe skielik begin dit in blokkies verbrokkel om soos 'n skaakbord te lyk. Dit was baie interessant. Die foto wys dit nie heeltemal so nie want ek was bietjie laat met die foto. Die foto is nogtans 'n besondere wolkskap.



- **Struktuurfoto's:** Hiermee word bedoel foto's van geboue, kragpale, graanskure, en-sovoorts. Elke klein dorpie het minstens een kerkgebou wat besonders is (tussen 'n klomp verwaarloosde geboue). Doen die moeite, draai in by sommige klein dorpies en neem 'n paar foto's, selfs al is dit met 'n selfoon. Hierby is 'n selfoonfoto van die mooi NG Kerk-gebou in Strydenburg, Noord-Kaap.

*Towerlantern Fotografie*  
- maart 2019 -

# Towerlantern se volgende FOTOGRAFIEKURSUSSE

Van die kant van Towerlantern Fotografie noem ons graag die volgende fotografiekursusse wat binnekort begin:

**NUUT**

- Ons begin DV op 9 Maart met iets splinternuut vir Towerlantern, naamlik 'n selfoonkamera-fotografie-kursus. Dit is net 'n oggendkursus en word aangebied deur Eddie Vorster.
- Ons begin op 14 Maart met 'n gevorderde spesialis-kursus. Die bedoeling is om deur die loop van die jaar drie groot temas te bestudeer, naamlik landskapfotografie, makrofotografie en impressionistiese fotografie. Die kursus vorm 'n geheel en elke tema strek oor drie maande.

As jy nog altyd dink jy wil nuut vir 'n kursus inskryf, of dalk by herhaling, laat weet ons asseblief. As jy lus is vir iets nuuts, doen navraag. Die selfoonkamerakursus is so 'n voorbeeld: Ons het 'n navraag oor so iets gekry, en daar is dit toe!

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs



In ons vorige uitgawe het ons die wenk gegee om teen die son in foto's te neem; veral wanneer daar sprake is van blomme en blare waarvan die kleur dan baie beter vertoon. Die foto hierby toon 'n ander moontlikheid, naamlik wanneer die item nie lig deurlaat nie: Fotografeer steeds teen die son in, maar probeer atmosfeer skep. Die foto spreek vir homself.

In an era when everyone has a sophisticated camera on their mobile phone, and we all share our travel experiences on social media, it is easy to start thinking, everything was photographed already, and I have nothing to contribute. The challenge for travel photographers today is to succeed in creating new and refreshing representations of our world. Is it possible?

Probably so, but you will need to put in some effort.

– Oded Wagenstein

*Towerlantern Fotografie*  
- maart 2019 -